

HOOFSTUK 12: VAN SINAI AF TOTDAT JOSUA AANGEWYS IS AS MOSES SE OPVOLGER

1. Die tabernakel

Nadat die verbond vernu is, kon die bou van die tabernakel begin. Dit was binne vyf maande gereed.

- Besaleël en Oholiab was die kunstenaars wat met die Heilige Gees vervul was om dit te maak.
- Die tabernakel was 'n tent wat in twee verdeel was.
 - Die Heilige
 - Die Allerheiligste
- In die voorhof van die tabernakel het die brandofferaltaar en die waskom gestaan.
- In die Heilige was die volgende voorwerpe:
 - Die tafel vir die offerbrood
 - Die goue kandelaar
 - Die goue wierookaltaar
- In die Allerheiligste het die ark met die goue deksel gestaan.
- Die Allerheiligste was van die Heilige geskei deur 'n gordyn wat die voorhangsel genoem is.

2. Priesters en Leviete

Die Here het Aäron met sy seuns en hulle nakomelinge as priesters gekies om die dienswerk in die tabernakel te verrig.

- Die priesters is deur die volk onderhou en hulle het die tiendes van die Leviete ontvang en ook die eerstelinge van die oes.
 - Hulle moes die vuur op die brandofferaltaar aan die brand hou,
 - die môre- en aandoffers bring,
 - die wierook op die wierookaltaar aansteek, en
 - sorg vir die offerbrood en die lampe in die heiligdom.
 - Hulle is in hulle werk deur die Leviete bygestaan.
- Aan die hoof van die priesters het die hoëpriester Aäron gestaan.
 - Die hoëpriester moes op die Groot Versoendag 'n sondeoffer vir die volk bring, en
 - die bloed teen die deksel van die ark sprinkel.

Die Here het geëis dat dié wat met die heilige dinge besig is, hulle streng moet hou aan die voorskrifte wat Hy self in verband daarmee gegee het.

- Daarom was die vuur wat Nadab en Abihu, seuns van Aäron, voor die Here gebring het, “ongeoorloofde vuur” omdat, soos Moses dit gestel het, “dit teen die bevel van die Here was” (Lev. 10:1).
 - Hulle het elkeen sy vuurpan geneem met gloeiende kole daarin en reukwater daarvoor gegiet en dit voor die Here gebring.
 - Die Bybel openbaar nie waarom hulle so iets gedoen het wat die Here uitdruklik verbied het nie (kyk Eks. 30:7-9). Moontlik wou hulle so kort na hulle aanstelling as priesters in hul ampsgewaad voor die volk verskyn.
 - Die Here was egter baie kwaad hieroor en het hulle met vuur verteer.
- Moses het hierdie optrede van die Here aan Aäron verduidelik (Lev. 10:3, AFR1983):
Die Here het gesê: “Wie 'n offer vir My bring, moet beseft dat Ek heilig is; sy ontsag vir My moet vir die hele volk duidelik wees.”

3. Die verdere reis vanaf Sinai

Israel het ruim 'n jaar by Sinai gebly. Daarvandaan het hulle vertrek na die woestyn Paran (Num. 10-16).

- Die gebruik van die name van die verskillende persone in hierdie geskiedenis is nie in die verskillende Bybelboeke dieselfde nie. In Eksodus is die naam van Moses se skoonvader *Jetro*. In Numeri word hy *Reüel* genoem maar, sover ons kan vasstel, word dieselfde persoon bedoel.
- In Rigters 4:1 word Moses se skoonvader *Gobab* genoem. Ons aanvaar egter dat die naam van Moses se skoonvader Jetro of Reüel was, en dat Gobab Moses se swaer was.
- Moses het vir Gobab, sy swaer, uitgenooi om saam met hulle te gaan om as ervare kenner van die woestyn vir hulle die pad aan te wys. Gobab het eers geweier, maar Moses het aangehou. Daar word nie vertel dat hy bly weier het nie, sodat ons mag veronderstel dat hy saam getrek het.

3.1 Tabera

Op die trek het die volk baie gou weer begin kla. Die Here het toe 'n vuur laat ontstaan wat 'n deel van die kamp verbrand het. As gevolg daarvan het hulle by Moses vir hulp gaan vra. Op Moses se gebed het die Here die vuur geblus. Moses het die plek toe Tabera (brandplek) genoem.

3.2 Kibrot-Taäwa

Tabera was nouliks verby of die volk het wéér begin kla. Hulle het na die vleis van Egipte verlang en die manna verag.

- Dit het Moses so moedeloos gemaak dat hy liever wou sterf.
- Op bevel van die Here moes daar toe sewentig van die oudstes na die tent van ontmoeting toe kom.
 - Van die Gees wat op Moses was, het ook op hulle gekom sodat hulle saam met hom die laste kon dra.
 - Twee van die sewentig, Eldad en Medad, het, nadat hulle die Gees ontvang het, in die laer geprofeteer.
 - Toe Josua dit aan Moses kom vertel, was sy antwoord: “Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê” (Num. 11:29).
- Intussen het die Here ook vleis gegee. 'n Sterk wind het kwartels van die see af aangebring in 'n ontelbare menigte.
 - Die volk het hulle egter so vergryp aan die vleis dat, terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, die toorn van die Here teen die volk ontvlam het en Hy baie van hulle om die lewe gebring het.
 - Hulle het die plek Kibrot-Taäwa genoem, dit wil sê “grafte van gulsigheid”.

3.3 Gaserot

In Gaserot het Mirjam en Aäron die Here kwaadgemaak. Hulle het twee dinge gedoen waarvan die Here nie gehou het nie.

- Hulle het onbillike verwyte teen Moses gehad omdat hy met 'n Kussitiese vrou getrou het.
 - Sy was waarskynlik 'n swartvrou, want die Kussiete was swartmense.
 - Ons weet nie wanneer Moses met hierdie vrou getroud is nie.
 - Waarskynlik was hy al met haar getroud voordat die Here hom na Egipte toe gestuur het om die volk te gaan haal.
- Hulle het ook gemeen dat die leiding van die volk ook aan hulle toevertrou moet word.

Moses het die verwyte met sagmoedigheid verdra, want hy wou nie met sy broer en sy suster voor die volk rusie maak nie. Maar God het Moses se saak namens hom behartig.

- Mirjam het melaats geword en is genees eers na sewe dae van afsondering buite die kamp.

4. Die twaalf verkenners

Hierna het Israel na Kades-Barnea, naby die grens van Kanaän, getrek. Van hier af het hulle eers die land verken. Moses het met die goedkeuring van die Here **twaalf verkenners** uitgestuur, een uit elke stam.

- Hulle het noordwaarts gereis tot by Hebron, waar die Enakiete (die reuse) gewoon het.
- As bewys van die vrugbaarheid van die land het hulle 'n tros druive saam teruggebring wat deur twee manne gedra moes word.
- Toe hulle in die laer teruggekom het, het hulle vertel hoe die land is.
 - Tien van hulle het nie geglo dat hulle ooit die land sou kon inneem nie omdat die inwoners van die land glo te sterk was.
 - Net Josua en Kaleb het die volk aangemoedig om die land binne te trek en oor te neem.
- Die volk het verbitterd geword en wou teruggaan Egipte toe. Hulle wou selfs vir Josua en Kaleb stenig.
- Die Here het hieroor baie kwaad geword en Hy wou die opstandige volk uitroei.
- Moses het weer vir die volk gaan bid en op Moses se gebed het die Here egter die besluit teruggetrek.
 - As straf sou hulle nie die vervulling sien van die belofte om in die beloofde land te kom nie.
 - Hulle sou veertig jaar lank in die woestyn rondswerwe en almal wat met die uittog uit Egipte twintig jaar en ouer was, sou in die woestyn omkom.
 - **Van die ouer geslag sou net Josua en Kaleb in Kanaän ingaan.**
 - **Die tien ander verkenners het daarop almal as gevolg van 'n plaag gesterwe.**

5. Opstand van Korag, Datan en Abiram

Die Israeliete het maar altyd opstandig gebly. Dit is byvoorbeeld ook duidelik uit die opstand van Korag, Datan en Abiram.

- Die Leviet Korag het gemeen dat Aäron en sy seuns nie die uitsluitlike reg op die priesterskap gehad het nie.
 - Hy was ontevrede met die ondergeskikte plek wat die Leviete moes inneem.
- Saam met sy medesamesweerders, onder wie ook Datan en Abiram (hulle was Rubeniete!), het hy gemeen dat Moses en Aäron lank genoeg geheers het. Daar was altesaam 250 man wat saamgespan het.
- Moses het hierin openlike verset teen die Here gesien.
 - Toe hulle na Moses toe kom, het hy tot die Here gebid.
 - Daarop het hy vir Korag gesê dat die Here die volgende dag sou aanwys wie die priesterlike werk mag doen.
- Hierdie manne was vir geen oortuiging vatbaar nie en hulle het duidelik getoon dat hulle Moses en Aäron nie erken nie.
 - **Hulle het die gesag wat God daargestel het, geminag.**
- Hierop het Moses bevel gegee dat elkeen van die 250 man vuurpanne moet neem met vuur van die altaar, en priesterlike werk moet gaan doen. God sou wel toon of Hy hulle daartoe verkies het.
- Die Here het egter geen enkele teken gegee dat Hy hulle verkies het nie, maar die magtige teenwoordigheid van die Here het verskyn om te toon watter persone Hy as priesters erken het.
- Toe die Here die volk oor hulle opstandigheid wou uitdelg, het Moses en Aäron vurig gebid dat Hy dit nie doen nie.
 - Die Here het hulle gebed verhoor en bevel gegee dat die Israeliete moet wegstaan van die tente van Korag, Datan en Abiram af.
 - Daarop het die grond onder hulle oopgeskeur, sodat hulle met hul gesinne lewend deur die

- o aarde ingesluk is.
- o Die Here het ook 'n vuur gestuur wat die 250 man verteer het.

Dit is onbegryplik dat Israel nie meer uit hierdie streng oordeel van God geleer het nie.

- Hulle het wel geskrik, maar hulle gevoel omtrent Moses en Aäron het nie verander nie.
- Reeds die volgende dag het hulle Moses en Aäron aanspreeklik gehou vir die dood van Korag en sy manne.
- Daarop het die Here deur 'n verskriklike plaag 14 700 man laat sterf.

6. Bekragtiging van die priesterskap van Aäron

Die Here het toe op duidelike wyse vir Aäron in sy amp bevestig.

- Hy het aan Moses bevel gegee om vir elke stam 'n kiere te neem en die naam van die stam daarop te skrywe.
- Net op die kiere van Levi moes Aäron se naam geskryf word.
- Hierdeur het die Here aangewys wie Hy vir die priesteramp verkies.
- Die volgende dag het net die kiere van Aäron bloeisels gedra.
- So het die volk duidelik gesien dat God Aäron verkies het.
- Die kiere van Aäron is in die ark bewaar.

Die hoëpriesters

- Eleasar het Aäron opgevolg as hoëpriester.
- Behalwe Eleasar kom Itamar ook voor as stamvader van 'n priestergeslag.
- Eli (in die Rigtertyd) is 'n nakomeling van Itamar.
- In Dawid se tyd is daartwee hoëpriesters:
 - o Sadok uit die geslag van Eleasar
 - Sadok het die kant van Salomo gekies.
 - o Abjatar uit die geslag van Itamar
 - Abjatar het die kant van Adonia gekies.
 - Abjatar is deur Salomo verban.
- Van toe af loop die hoëpriesterskap in die geslagslyn van Eleasar.

7. Die twiswater van Meriba

Met hulle tweede koms in Kades het Israel weer met Moses rusie gemaak omdat daar nie water was nie.

- Dit lyk asof hierdie murmuring Moses meer as ooit tevore ontmoedig het.
- God sou egter hier opnuut sy almag en trou toon. Hy het Moses beveel om sy staf te neem, na 'n sekere rots te gaan en om met die rots te praat.
- In sy drif het Moses egter die rots twee maal geslaan. Hiermee was hy ongehoorsaam aan God se bevel.
 - o Aäron het hier saam met Moses sonde gedoen omdat hy niks gedoen het om Moses se ongehoorsaamheid teen te gaan nie.
 - o Daar het wel water uit die rots gekom, maar deur hierdie gebeurtenis het die Here baie kwaad geword vir Moses en Aäron.
 - o As gevolg van hierdie sonde het nie Moses of Aäron die volk in die land Kanaän ingelei nie. Hierdie plek is Meriba of "twiswater" genoem.

8. Israel en die Edomiete

Die Edomiete was nasate van Esau. Die rusie tussen Jakob en Esau het vir altyd tussen hulle nasate bly voortbestaan. Hierdie konflik tussen die volk en die Edomiete was nog steeds deel daarvan.

- Van Kades af het Moses boodskappers gestuur na die koning van Edom met die versoek om deur sy land te mag trek.
- Die koning van Edom het geweier en het selfs met 'n groot leër teen Israel opgetrek.
 - Die Israeliete het toe van Edom af weggedraai.
- Dieselfde versoek is aan Sihon, koning van die Amoriëte gerig, maar hy het ook geweier.
- Hy het met sy leër teen Israel opgetrek en die Israeliete was verplig om te veg.
 - Die Israeliete het hom verslaan en sy land in besit geneem.
- Og, koning van Basan, het ook teen Israel opgetrek.
 - Hy is ook deur Israel verslaan.
- So het Israel in besit gekom van die land oos van die Jordaan.

9. Dood van Aäron

Toe Israel by die berg Hor aankom, het die Here Moses beveel om met Aäron en sy seun, Eleasar, teen die berg uit te klim.

- **Daar het Aäron gesterwe.**
- Voor die tyd is Eleasar tot hoëpriester geheilig.
 - Moses het dat Eleasar die klerke van Aäron aantrek.
 - Na die dood van Aäron het Moses en Eleasar weer van die berg afgekom.
- Israel het dertig dae lank getreur oor Aäron.

10. Die koperslang: Negustan

Israel is toe weer in die rigting van die Rietsee (Rooi See) gelei. Hulle moes om die land van die Edomiete trek om op die pad te kom wat van die Rietsee na Moab toe gaan.

- Die volk het weer ongeduldig geword omdat die reis vir hulle te lank geword het.
 - Hulle het by Moses gekla oor die ontberings wat hulle moes deurmaak.
- Die Here kon dit nie ongestraf laat nie en het giftige slange onder die volk ingestuur.
 - Die slange se byt was dodelik en baie van die volk is hieraan dood.
- Moses is gevra om voorbidding vir die volk te doen sodat hulle gered kan word.
- God het hiervoor 'n middel gebruik waarby ook die geloof werksaam moes wees.
 - Hy het Moses beveel om 'n koperbeeld van 'n giftige slang te maak en dit hoog op 'n paal te sit.
 - Elkeen wat gepik is en in die geloof na die koperslang opgekyk het, het bly leef.
- **Die koperslang op die paal is 'n simbool van die Here Jesus aan die kruis wat vir sy volk versoening sou doen.** In Johannes 3:14 gebruik Jesus die koperslang as 'n beeld van sy eie verhoging aan die kruis sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.

Met hierdie koperslang, wat Negustan genoem is, het Israel later afgodery bedryf, en daarom is dit in die tyd van Hiskia vernietig.

11. Balak wil Bileam gebruik om Israel te vervloek

Israel het laer opgeslaan in die vlakte van Moab. **Balak, die koning van die Moabiete, was bang vir die Israeliete.**

- Hy het met die Midianiete saamgesweer en hulle het hul oudstes na Mesopotamië gestuur om Bileam te versoek om Israel te kom vervloek.
- Bileam was nie onbekend met die God van Israel nie, maar hy het sy werk as profeet in diens van die duiwel verrig.
 - Hy word in Josua 13:22 'n waarsêer genoem.

- Hy het vir sy uitsprake laat betaal en so saamgespan met die vyande van Israel.
- Dit is opmerklik dat Bileam eers verlov van God wou hê voordat hy gaan.
- Bileam was dus nie onbekend met die diens van die Here nie, en het die Here as 'n beskermgod van Israel beskou. Hy wou God aan sy kant hê.
- God het in die nag aan Bileam verskyn en hom verbied om te gaan. Die gevolg was dat die gesante na Moab toe teruggegaan het sonder Bileam.
- Balak het weer gesante gestuur en 'n groot beloning aan Bileam beloof.
 - Bileam het geweier, al sou Balak hom sy huis vol goud en silwer gee.
 - Die Here het daarop tog toestemming gegee dat hy na Balak kan gaan, maar dan mag hy slegs spreek wat God hom in die mond lê.
- Op die pad het die Here sy toorn oor Bileam se verkeerde praktyke openbaar gemaak.
 - Bileam wou Israel tog gaan vervloek om die beloning te kry.
 - Die **Engel van die Here** het voor Bileam in die pad gaan staan met 'n swaard in sy hand.
 - Bileam se donkie wou nie verder loop nie en het begin om met Bileam te praat.
 - Eers toe het Bileam die Engel met die uitgestrekte swaard gesien.
- **Bileam wou teruggaan, maar God het geëis dat hy verder moet gaan en die opdrag wat God hom oplê, uitvoer. God het besluit om hom as instrument te gebruik om Israel te seën.**

12. Bileam seën Israel

Balak het Bileam ontvang en hom van 'n hoogte af 'n deel van die laer van Israel gewys.

- Bileam het vier uitsprake gemaak. By elke uitspraak het Balak van plek verander en sy ontevredenheid daaroor getoon dat Bileam Israel seën en nie vervloek nie.
- In die vierde uitspraak het die profesie van Bileam sy hoogtepunt bereik deurdat Bileam die koningskap van Dawid, die koms van die Messias en die onderwerping van die Moabiete en Edomiete voorspel het.

13. Bileam se raad

Balak het kwaad geword omdat Bileam Israel nie kon vervloek nie.

- In sy sluheid het Bileam egter tog aan Balak raad gegee wat Israel tot 'n val gebring het.
 - Op uitnodiging van die Moabitiese vroue het van die Israelitiese mans deelgeneem aan die offermaaltye ter ere van Baäl-Peor.
 - So is die Israëliete van die Here afvallig gemaak.
- Op bevel van die Here het die stamhoofde daar 24 000 Israëliete omgebring. Die onsedelike daad van Simri met 'n Midianitiese vrou het Pinehas, kleinseun van Aäron, na sy spies laat gryp en hy het albei deurboor. Daarmee het hierdie ramp tot 'n einde gekom.

14. Wraak op die Midianiete

Israel is hierna deur die Here beveel om teen die Midianiete op te tree. Die Midianiete was 'n nomadevolk. Sommige van hulle stamme het aan die oostelike grense van Moab en Ammon gewoon.

NB: Aldrie hierdie volke wat nou heidenvolke was, het van manne afgestam wat God geken het!

- Midian: Abraham se seun by sy tweede vrou, Keturah.
- Moab: Die volk ontstaan uit Lot en een van sy dogters.
- Ammon: Nasate van Lot se kind by sy ander dogter.

Pinehas het met 'n leër van 12 000 man teen hulle opgetrek en hulle in die geveg heeltemal uitgeroei.

Bileam het ook in die geveg gesneuwel. Hy was deel van hierdie heidendom.

15. Dood van Moses

Hierna het Moses die laaste deel van sy lewenstaak afgehandel.

- Hy het die Israeliete beveel dat hulle al die inwoners van Kanaän moet uitroei wanneer hulle die land verower.
- Daarby het hy hulle die gebooie van die Here weer ingeskerp.
- Hy het ook die priesters opdrag gegee om die Wetboek te bewaar, en om dit elke jaar op die Huttefees voor te lees.
- Moses het ook 'n lied geskrywe (Deut. 32).
- Moses het afskeid geneem van sy volk en die stamme van Israel geseën.

Daarna het die Here hom beveel om op die berg Nebo te klim om die land Kanaän te bekyk.

- Daar op die berg het die Here sy oë so sterk gemaak dat hy die hele land van Dan in die noorde tot by Berseba in die suide kon sien.
- Op die berg het die Here hom weer eens die versekering gegee dat Israel in Kanaän sal kom. Al die beloftes sal vervul word.
- Daarna het hy daar op die berg gesterf. Die Here het weer 'n keer die rede vir sy dood genoem: hy het God nie as die Heilige geëer by die twiswater van Meriba nie.
- Die Here het hom self gaan begrawe. Die Here het dit goedgedink om Moses se graf vir die Israeliete verborge te hou.
- Israel het dertig dae lank oor Moses getreur.

16. Josua, Moses se opvolger

Onmiddellik na hierdie geskiedenis volg in Numeri die beskrywing van die aanwysing van Josua, die seun van Nun, uit die stam van Efraim (Josef se nageslag!), as die opvolger van Moses.

- Dit was inderdaad net 'n bevestiging van die saak, want die Here het Josua ook reeds voor Moses se dood aangewys as die toekomstige leier van sy volk.
- Toe die Here Josua die eerste keer aangewys het, het Hy Moses beveel om sy hande op Josua te lê en hom te seën:

“Wees sterk, wees dapper! Jy gaan saam met hierdie volk die land in wat die Here met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Jy moet hulle dit in besit laat neem. Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie” (Deut. 31:7-8, AFR1983).